Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Werner Gordon
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Werner.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2961

Lêerno.: 20/2/1
Verwysing: 20220829-6040

Eksamenadministrasieminuut: 0010/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Terugbesorging van onopgeëiste sertifikate vir die Nasionale Senior Sertifikaat

1. Alle rolspelers, prinsipale van hoërskole/sekondêre skole en bestuurders van gemeenskapsleersentrums ingesluit, moet asseblief kennis neem van die volgende:

   (a) Alle onopgeëiste sertifikate moet na 'n tydperk van 12 maande vanaf die ontvangsdatum daarvan deur die sentrums aan Hoofkantoor terugbesorg word.
   (b) Sertifikate ten opsigte van die November 2020-eksamen, wat gedurende 2021 uitgereik is, moet asseblief nie later nie as 30 Oktober 2022 aan Hoofkantoor terugbesorg word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.

2. Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie jaar by Hoofkantoor in 'n veilige area bewaar word indien die kandidaat dit moontlik wil afhaal. As sertifikate nie binne die driejaartydperk opgeëis word nie, sal dit vernietig word.

3. Die betrokke rolspelers moet, benewens die bogenoemde, ook aan die regulasies, beleide en Umalusi-voorskrifte met betrekking tot die volgende voldoen:

   (a) Onopgeëiste sertifikate moet een jaar ná uitreiking aan die skole terugbesorg word.
   (b) Sertifikate moet te alle tye waardevol hanteer en onder veilige omstandighede gestoor word.
   (c) Kandidate moet in kennis gestel word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word, en die verspreiding moet noukeurig in veilige toestande plaasvind.

4. Skole word versoek om onopgeëiste sertifikate aan die Hoofkantoor terug te besorg, duidelik gemerk soos volg:

ONOPGEËISTE SERTIFIKATE VIR AANDAG:
Mnr. Werner Gordon
Direktoraat: Eksamenadministrasie
11de Verdieping, Kamer 11.12
Wharfplein-noord 1
Laer Loopstraat 2
Strandgebied
KAAPSTAD
8001

5. 'n Klaringsertifikaat is hierby aangeheg en moet deur die skool voltooi word om te bevestig dat alle sertifikate vir die vermelde jare verwyder en aan Hoofkantoor terugbesorg is.

6. Navrae betreffende die terugbesorging van onopgeëiste sertifikate kan gerig word aan mnr. Werner Gordon by e-posadres: Werner.Gordon@westerncape.gov.za.

7. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2022-09-22